



Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal 2




Breinoefeninge (LV) ± 5 min


Datum	Opdrag	Benodighede
20 April Ma.	<p><u>Volg die lyn</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Mamma trek vyf groot vorms op 'n bladsy. Kind vat 'n botteldoppie, draai dit om en druk vinger daarin en volg dan met doppie die lyne van die vorms. Doen met ander hand ook. 	<p>Groot vorms geteken op papier, botteldoppie</p> <p>Vir 'n visuele voorbeeld, maak die Breinoefening Video oop.</p> 
21 April Di.	<p><u>Simon sê</u>- speletjie. Wat Simon sê moet kind uitvoer.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Simon sê sit op die stoel. - Simon sê staan langs die stoel. - Simon sê lê onder die stoel. - Sarel sê klim op die stoel.- as kind dit uitvoer het hy nie reg geluister nie. - Voer met verskillende opdragte uit bv. Voor, agter, ens. 	Stoel
22 April Wo.	<p><u>Gooi die hoeveelheid</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Vat 'n bal of boontjiesakkie en mamma sê 'n getal en hulle gooi die bal in die lug soveel keer, bv. 5, 3, 1, 4 	Boontjiesak of klein bal
23 April Do.	<p><u>STOP-speletjie</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Mamma spel S-T-O-P vining of stadig terwyl kind rondstap. As mamma dan stop sê nadat sy dit gespel het dan moet die kind stop. Herhaal 3 keer vining/stadig. 	


24 April Vr.	<u>Legkaart</u> - Bou 'n legkaart wat 3/4 stukke of meer is.	Legkaart. Indien julle nie het nie, kan 'n prent in dele opgeknip word vir kind om te bou.
Bespreking (LV) ± 15 min		
Datum	Opdrag	Benodighede
20- 24 April	Die week se tema is <u>Herfs</u> . Elke dag se bespreking is in 'n PowerPoint saamgevat.	Herfs bespreking

Wiskunde ± 20 min




Datum	Opdrag	Benodighede
<p style="text-align: center;">20 April Ma.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Luister en tel - Leerder maak sy oë toe terwyl Mamma/Pappa hul hande 'n sekere aantal kere klap. Die leerder moet luister en tel en kyk of hy die regte aantal kan identifiseer. – Dit kan vinnig of stadig wees, maak dit interessant. (1-20) 2. Terug tel: Pak 5 speelgoed van jou keuse uit. Mamma/Pappa vat een weg, hoeveel bly oor? Hou aan tot daar niks meer oor is nie. 3 Taktiel <ul style="list-style-type: none"> - Laat die leerder die getal 4 “skryf” in die lug, op sy arm, op Mamma se rug ens. - Gebruik nou speelklei en rol 'n lang wurm daarmee, vorm dan die getal 4. - Rol 4 balletjies met die klei en bou 4 kameelperde. - Flits nou die getalsimbole (1,2,3,4) vir die leerder, flits nou die getalname (een, twee, drie, vier) u kan dit sommer op 'n blokkie papier skryf. 4 Hersiening van getalhuisies 1-3 wat reeds aangeleer is sowel as die aanleer van getal 4. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Luister die aantal kere wat Mamma of Pappa hande klap en tel stilletjies en sê dan die antwoord. 2. Leerder kies sy eie 5 speelgoed bv. blokkies / karretjies / poppies. 3. Klei en eie flitskaarte, indien u nie klei het nie, hier is 'n maklike en vinnige resep met huishoudelike produkte: https://www.makeandtakes.com/3-ingredient-play-dough <div style="text-align: center;">  </div> <ol style="list-style-type: none"> 4. Vir die hersienings van getal 1-3 en die aanleer van getal 4 gaan u die Wiskunde Getal 4 se PowerPoint moet gebruik.
<p style="text-align: center;">21 April Di.</p>	<p>Skud-skud-breek:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Mamma/Pappa hou 4 klippies in 2 hande bymekaar. Skud jou hande se inhoud en breek, nou het jy 'n sekere hoeveelheid klippies in een hand en 'n ander hoeveelheid in die tweede hand. Ouer wys net een hand se inhoud 	<ul style="list-style-type: none"> - 4 klippies / boontjies / blokkies. - Selfgemaakte flitskaarte x 12 <ul style="list-style-type: none"> ○ een, twee, drie, vier ○ 1, 2, 3, 4 ○ kolkaarte


	<p>en die leerder moet uitwerk hoeveel in die ander hand sal wees om altesaam 4 klippies te hê.</p> <p>Tel ritmies tot 10:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Klap soos wat elke getal gesê word. Om die middellynkruising te oefen, laat die leerder sy/haar linkerhand op sy regte skouer sit en dan weer die regterhand op die linker skouer terwyl hy tel. <p>Tel terug van 5-1</p> <p>Flitskaarte</p> <ul style="list-style-type: none"> - Skryf op elke klein blokkie papier getalsimbool 1,2,3,4 en getalnaam een, twee, drie, vier. en kolkaarte. Skommel dit deurmekaar, flits dit vir u kind en laat hy die antwoord gee. - Vir 'n uitdaging, laat die kind vir u flits en antwoord van dit verkeerd. U kind sal daarvan hou om vir Mamma/ Pappa "uit te vang". 					
<p>22 April Wo.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Lees weer die storie van getal 4 aan die leerder voor. <ul style="list-style-type: none"> - Soos ouer die storie lees, wys die - 4 kameelperde, die kolkaart met 4 kolletjies, die getal 4, asook die getalnaam 4. - Maak u eie flitskaarte, 'n voorbeeld is hier langs. 2. Vra die betrokke vrae. (In PDF dokument) 3. Gebruik die flitskaarte van 21 April en laat die leerder die kaarte met dieselfde waarde bymekaar pas. <p>Rangorde</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Maak die PDF storie oop te maak vir die storie en vrae. Eie flitskaarte <table border="1" data-bbox="1284 1054 2098 1193"> <tr> <td data-bbox="1284 1054 1487 1193">4</td> <td data-bbox="1487 1054 1690 1193">vier</td> <td data-bbox="1690 1054 1893 1193">● ● ● ●</td> <td data-bbox="1893 1054 2098 1193"></td> </tr> </table> <ol style="list-style-type: none"> 3. 21 April se flitskaarte 4. 4x speelgoed van die leerder se keuse 	4	vier	● ● ● ●	
4	vier	● ● ● ●				

	<p>4. Gaan haal 4 speelgoed (blokkies/ poppe) en plaas hulle in 'n ry van links na regs. Staan langs die leerder en vra dan die volgende vrae:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Watter speelding is <u>eerste</u>, <u>tweede</u>, <u>derde</u>, <u>vierde</u>. - Skommel die speelgoed in 'n ander volgorde en vra weer watter speelding is eerste, tweede, derde, vierde. - Skommel die speelgoed vir 'n laaste keer en vra watter speelding is <u>eerste</u> en watter speelding is <u>laaste</u> - Sorteër nou die getalsimbole 1-4 in stygende volgorde en dan in dalende volgorde. Doen dieselfde met die getalname en kolkaarte. 	
<p>23 April Do.</p>	<p>Meer en minder</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Hier gaan u konkrete apparaat nodig hê as tellers. Bv. melkdoppies, speelgoed, diertjies/ karretjies. 2. Plaas bv. 5 karretjies, 3 wasgoedpennetjies en 4 melkdoppies deurmekaar voor u kind. Laat hy elke speelding groepeer en al die items tel. 3. Vra vrae: <ul style="list-style-type: none"> - Watter groepie het die meeste items? - Watter groepie het die minste items? - Hoeveel melkdoppies moet ek bysit om net soveel soos die karretjies te wees? - Hoeveel karretjies moet ek bysit om net soveel soos die pennetjies te wees? <p>Bewerkings met getalle tot 5</p> <ol style="list-style-type: none"> 4. Kies enige 5 tellers. Laat die leerder die tellers gebruik om by die antwoorde uit te kom. Al kan die leerder die antwoord sê sonder tellers, is dit baie belangrik vir 	<p>Tellers Bv. melkdoppies, speelgoed, diertjies/ karretjies.</p> 



	<p>vaslegging van getalbegrip om met tellers te oefen. Die vrae is baie soos woordsomme alhoewel ons NOOIT die begrip gebruik nie. Vir die kinders gaan dit oor speel.</p> <p>5. Leidende vrae:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Mamma gee my 5 koekies. Ek eet 2 koekies op. Hoeveel koekies het ek nou oor? - Ek het nou 3 koekies en gee 1 koekie vir my boetie / sussie. Hoeveel koekies het ek nou? - Pappa gee vir my nog 2 koekies. Hoeveel koekies het ek nou? - Vra nog so paar vragies maar net tot en met getal 5. 	
<p>24 April Vr.</p>	<p>Vasleggingspeletjie:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Skryf die volgende op die A4 / A5 papiere <ul style="list-style-type: none"> - Getalsimbool 1, 2, 3, 4 - Getalnaam een, twee, drie, vier - Kolkaarte 2. Pak die papiere langs mekaar of rond en bont en laat die leerder die getal 1-4, een-vier ens. spring op ouer se instruksie. <ul style="list-style-type: none"> - Spring op 1 been na getalsimbool 2 - Hop 3 keer na die getalnaam 3 - Loop soos 'n krap na die papier met 4 kolle ens. - Speel die selfverrykingspeletjie. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. A4 of selfs A5 papiere en swart merker. 2. Die selfgemaakte papierflitskaarte, vir die "hopscotch"  <ol style="list-style-type: none"> 3. Maak die Getalbegrip vaslegging PowerPoint oop om die speletjie te speel. Speel met klank.



Huistaal ± 20 min

Datum	Opdrag	Benodighede
<p>20 April Ma.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kyk na die video van Kammaland. Ouer kan die video nog 'n keer speel indien nodig en die volgende vrae vra: <ul style="list-style-type: none"> - Watter klankie vorm Willie padda as hy van een paddastoel na die volgende paddastoel spring? - Wys met jou vinger in die lug watter klank het Vinnie vis gevorm? - Met watter klank begin Manie die haas se naam? - Wat is Manie se sussie se naam en met watter klankie begin haar naam? - Soos watter klankie lyk Rudie die kraan? - Sê die nuwe klankie wat ons vandag aangeleer het hardop. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Maak die Kammaland video oop.
<p>21 April Di.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ons oefen om die klankie reg te skryf: 2. Kyk na die robotletter saam met ouer en skryf die klank in die lug met jou vinger. Begin bo en beweeg af tot onder sonder om jou hand op te lig. 3. Skryf die klank op die palm van jou hand. 4. Skryf dit op Mamma/Pappa se rug en voel hoe hulle dit op jou rug skryf. 5. Skryf die klank groot in die middel van 'n bladsy met 'n swart kryt. Tel klippies op en pak dit op die klank. (As jy klei by die huis het kan jy dit in klein balletjies rol en soos die 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Maak die Robotletter – l dokument oop 5. Skoon A4 blad, Swart potlood Klippies of klei <div style="display: flex; justify-content: space-around; margin-top: 10px;">    </div>

	klippies al op die groot l pak.) Sê elke keer die klankie hardop terwyl jy hom vorm.	
22 April Wo.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Hoeveel woordjies wat met 'n l begin kan jy aan dink? 2. Kies 5 woordjies en teken hulle prentjies rondom die groot l wat jy gister op die bladsy gemaak het. 3. Ouer kan die woord onder elke prentjie neerskryf. 4. Herhaal die woordjies een vir een soos wat jy met jou vinger op die prentjie druk. 5. Smeer gom al op die l in die middel van die blad en strooi sand oor. Wag tot dit droog is en voel met jou vinger oor die letter. Sê watter klankie jy sopas gemaak het terwyl jy oor hom vee. 	<p>Vorige dag se A4 bladsy met l op.</p> <p>Kryte Gom Sand</p> 
23 April Do.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Herhaal die vyf woordjies wat jy gister geteken het. Maak 'n sinnetjie met elk van die woorde. 2. Blaai deur 'n ou tydskrif/ koerant en soek twee prentjies van iets wat met 'n l begin. (bv. Prent van lamp of lig.) 3. Knip die prent uit en plak dit op 'n bladsy. 4. Maak 'n sin met die prent en teken by om jou sin uit te beeld. (bv. Ek skakel die lamp aan.) 5. Ouer skryf die sin bo aan die tekening. 	<p>Tydskrif Skêr Gom Kryte</p>
24 April Vr.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kies jou gunsteling storie. 2. Ouer lees die storie voor en leerder soek na elke bladsy die l klankie wat wegkruip op daardie blad. (As dit 'n lang storie is doen net drie of vier bladsye.) 3. Ouers kan na die tyd vragies vra oor die storie. 	'n Storieboek van jou keuse.

Kreatiewe kunste (LV) ± 20 min

Datum	Opdrag	Benodighede
<p>20 April Ma.</p>	<p><u>Naweeknuus-tekening</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Teken wat jy Paasnaweek gedoen het. Onthou om alles eers in potlood te teken en dan netjies in te kleur. Motiveer detail. Mamma skryf dan 'n sin by wat jy sê jy gedoen het. - Onthou asb. om jou naam agterop te skryf. 	<p>A4 wit bladsy, potlood, kryte</p>
<p>21 April Di.</p>	<p><u>Herfs-boom</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Trek jou hand af op A4 papier met potlood - Verf jou hand bruin en druk op die bladsy - Wanneer die bruin verf droog is, druk jy jou vingers met verf as blare op die papier. - Onthou asb. om jou naam agterop te skryf. 	<p>A4 wit papier, potlood, bruin verf en rooi/geel/oranje/groen verf.</p> 
<p>22 April Wo.</p>	<p><u>Blaar-collage</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Tel 15 blare buite op wat verskillende kleure is. - Maak groepies van die blare van dieselfde kleure (sorteer). - Gebruik die blare en skep jou eie prent deur die blare te plak op 'n wit A4 bladsy. - Jy kan 'n koki gebruik om die prent te voltooi. - Onthou asb. om jou naam agterop te skryf. 	<p>Blare opgetel, gom, koki, A4/A3 papier</p> 

<p>23 April Do.</p>	<p><u>My eie legkaart:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Teken 'n prent van jousef in herfsklere. - Mamma trek swart lyne oor die bladsy - Jy knip dit uit om jou eie legkaart te maak. <p>* Indien jy nie kleurpapier het vir die 24ste April se takie nie, verf wit papier sodat dit betyds droog is.</p>	<p>A4 papier, potlood, kryte, skêr</p> 
<p>24 April Vr.</p>	<p><u>Diere wat hiberneer</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Trek sirkel af op papier, trek 'n kleiner sirkel binne vir die grotopening. - Skeur en plak die grot met kleurpapier (kan tydskrif / koerant gebruik). - Teken 'n dier wat hiberneer in die grot bv. Beer, eekhoring, krimpvark - Onthou asb. om jou naam agterop te skryf. 	<p>Iets om sirkel af te trek, potlood, kryte, bruin/oranje papier, pritt</p>  <p>Skeur en plak</p> <p>Teken dier en kleur in</p>
<p>Luister en Leer</p>		
<p>Voltooi en haal in tot Week II bl. 24 – 25</p>		